## 20 Februarie - BUIG

**Skrifgedeelte: Psalm 95 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 95:6**

Dit is 'n baie entoesiastiese psalmdigter wat die Israeliete – en ons! – aanspoor om vreugdevol tot eer van die Here te jubel, om Hom te dank en Hom toe te juig met lofsange (vs 1, 2). Die Here is die Verbondsgod, die Verlosser. Hy is die Almagtige, verhewe bo die son, maan, sterre en natuurverskynsels wat die heidene aanbid. Tewens, Hy het alles geskep. Dit is syne.

Daar is egter altyd die gevaar dat sy volk Hom met hulle hardkoppigheid kan tart. Vandag nog is dit die Achilleshak van menige Christen en die massa wat voorgee dat hulle Christene is. Skynheiligheid is iets wat God nie kan verdra nie (Jes 57:12). Dit wek sy weersin en laat sy toorn ontvlam. Die Verbondsgod van soveel liefde word dan 'n God wat Hom wreek (Nah 1:1).

Ons kan nie hardkoppigheid en ongehoorsaamheid probeer verbloem met lofprysings nie! Daarom die drieledige aansporing om in opregte eerbetoning voor die almagtige Verbondsgod te buig. Om neer te val, beteken om op die knieë neer te sink en op tipies Oosterse wyse met die voorkop tot op die grond te buig. Dit is 'n teken van totale onderworpenheid en lojale toewyding.

Nogmaals spoor die psalmdigter ons aan om voor God te buig; dit is om op die knieë neer te sink. Dit is die houding van die mindere wat eerbiedig luister na wat die Here sê.

'n Derde keer word ons aangespoor om smekend neer te kniel.

Die belofte van die tweede gebod is 'n werklikheid: Die Here betoon sy liefde tot in die duisendste geslag aan dié wat in onverdeelde trou Hom liefhet en sy gebooie gehoorsaam.

*Sing: Psalm 66:1, 2 (1936/2001)* *Ds APC Duvenage (Emeritus)*